Get more papers from: www.mycourses.co.za

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**EXAMINATIONS AND ASSESSMENT CHIEF DIRECTORATE**
Home of Examinations and Assessment, Zone 6, Zwelitsha, 5600
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website:** www.ecdoe.gov.za


# 2022 NSC CHIEF MARKER'S REPORT

| | | | |
|---|---|---|---|
| **SUBJECT** | **AFRIKAANS FAL** | | |
| **QUESTION PAPER** | **1** | | |
| **DURATION OF QUESTION PAPER** | **2 HOURS** | | |
| **PROVINCE** | **EASTERN CAPE** | | |
| **DATES OF MARKING** | **9 - 22 DECEMBER** | | |

www.mycourses.co.za

**SECTION 1: (General overview of Learner Performance in the question paper as a whole)**

- Die vraestel is op die KBV-dokument gebaseer.
- Woordeskat en vakterminologie ontbreek by kandidate.
- Dit is kommerwekkend dat kandidate se kennis van advertensie- en strokiestegnieke asook die oorgrote meerderheid taalstruksture power is.
- As `n mens die statistieke vergelyk, is dit duidelik dat die meeste leerders begrip het van die tekste in vraag 1 en 2.
- Min beskik egter oor die kennis om die res van die vraestel bevredigend te beantwoord.






Source: www.mycourses.co.za


Get more papers from: www.mycourses.co.za

## SECTION 2: Comment on candidates' performance in <u>individual questions</u>

### QUESTION 1

**a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered.**

- Kandidate se uitslae is oor die algemeen aanvaarbaar
- Nasieners kon agterkom dat die leestuk verstaan word, maar die woordeskat en uitdrukkingsvermoë ontbreek.
- Te veel Engelse woorde word gebruik, aangesien Engelse woorde geïgnoreer word, benadeel die kandidate hulself.
- Daar is woorde in die leesbegrip wat buite die kandidate se begripsraamwerk is.




www.mycourses.co.za

**b) Why the question was poorly answered, also provide specific examples, indicate common errors commited by learners in this question and any misconceptions.**

- Sommige leerders het die word "ByteDance" in AAfrikans gelees, en sommige het net nie besef dat dit 'eienaam, samestelling/een begrip is nie.
- Baie leerders het meer as een word geskryf. Wanneer die instruksie voorskryf slegs een word, moet gegee word.
- 1.5 kan nie onderskei tussen feit en mening nie. Baie kandidate skryf slegs: dit is so of dit staan so in die teks, of: die teks **sê** so.
- 1.6 Kandidate verwys na 'n groot gedeelte van die teks en haal die hele paragraaf aan, in plaas van om te fokus op die gedeelte wat die antwoord is.
- 1.7.1 Leerders verstaan nie die betekenis van voordelig en nadelig nie. Kandidate dink dat voordelig beteken voor die tyd en nadelig beteken iets na die tyd.
- 1.7.2 Leerders neem aan dat hulle moet aanhaal as motivering, hulle besef nie dat hulle, hulle eie woorde moet gebruik nie.
- 1.8.1 Leerders vind dit moeilik om afleidings of gevolgtrekkings te maak, hulle dink steeds hulle kan net aanhaal.



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

- 1.10 Leerders het nie verstaan dat rymklets 'n tipe musiek is nie. Leerders skryf meer as een woord waar net een woord verwag word.
- 1.12 Leerders het nie geskryf vanuit die oogpunt van die adverteerder nie en verstaan nie ten volle die betekenis van die invloed van `n bekende nie.
- 1.13 Kandidate verduidelik / verwys na TikTok en verwys nie na hulself nie en gebruik ook die verkeerde voornaamwoord. Hulle begin nie met : "Ek het geleer dat…"Woordeskat is te beperk om die korrekte antwoord te konstrueer. Die leerders het meer gefokus op "Jerusalema" as op die lewenslesse.
- 1.17 Kandidate het gesukkel hier, spelling van **dier** en **lief** was problematies.
- 1.19 Hier sukkel candidate met die bewoording van die antwoord. Daar was verwarring met die gebruik van die ontkenning en hulle sukkel om hulself uit te druk en sodoende die stelling onwaar te bewys.

**c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

- Meer oefening met ou vraestelle en ou begriptoetse word aanbeveel.
- Oefen die instruksiewoorde van 'n tipiese begripsoefening.
- Leerders moet soek na die bewys van feit of mening; nie net die vraag beantwoord nie. Hulle moet gaan soek na die sleutelwoorde: navorsing, getalle, bewyse, statistieke.
- Leerders moet geleer word om nie aan te haal, tensy so gevra word nie.
- Leerders moet geleer word hoe om stapelvrae te beantwoord.
- Kandidate moet praktiese voorbeelde in die klas doen sodat hulle in staat is om afleidings binne teksverband te maak.

**d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

- 1.11.1 Die begrippe "letterlik" en "figuurlik" moet weer by leerders ingeskerp word en met voorbeelde ondersteun word, sodat hulle ook hul antwoorde met `n gepaste verduideliking kan motiveer.
- Daar is 'n behoefte aan opleiding en werkswinkels waarin onderwysers se kennis weer opgeskerp moet word en riglyne aangespreek en uitgelig word.
- Leerders moet aangemoedig word om meer te lees.

www.mycourses.co.za

## QUESTION 2


**a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered.**

- Kandidate het oor die algemeen gemiddeld en selfs bogemiddeld gevaar.
- Sommige leerders het hulle antwoord in die verkeerde formaat aangebied.
- Sommige leerders was in die kol met hulle woordtotaal.



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za




b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

- Sommige kandidate het die verkeerde formaat gebruik en hul antwoord in `n paragraaf aangebied en nie puntsgewys nie.
- In baie gevalle was die werkwoord onvolledig of dit het geheel en al ontbreek. Voorbeeld: "Daarom behoort jy jou inkopies volgens jou eie behoeftes…./ Jy moet vroeg in jou lewe…" ( Indien `n sin nie `n werkwoord óf `n onderwerp bevat nie, word die feit verkeerd gemerk - selfs al kom die kernfeit daarin voor.)
- Die onderwerp van die sin is ook dikwels weggelaat.
- Daar was baie werkwoorde wat baie eenders was en dit het die kandidate verwar.
- Leerders wat die voorgeskrewe woordtotaal oorskry het, het hulself met tot drie punte gepenaliseer. (Leerders moet eerlik wees met die woordtotaal.)
- Addisionele leerders vind dit baie moeilik om hul eie woorde te gebruik.
- Kandidate het gesukkel om te onderskei tussen die volgende twee feite: 'Moenie kwaliteit inboet nie, maar moet ook nie noodwendig die duurste artikels koop nie en "Soek vir goedkoper opsies van die artikels wat jy koop."
- Baie leerders het direk aangehaal.
- Kandidate het gesukkel om die werkwoord te skei, byvoorbeeld:
- "Daarna moet jy deeglik **boekhou"** het hulle geskryf as **Boekhou** deeglik in plaas van **Hou** deeglik **boek**.
- Ook: "Jy moet uitvind."→" Vind uit ….."

www.mycourses.co.za



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

**c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

- Leerders moet weer daarop attent gemaak word dat die antwoord in die regte formaat aangebied moet word. (puntsgewys en slegs 7 punte)
- Hulle moet daarop let dat as twee "feite" in een sin of kolpunt aangebied word, slegs die eerste feit geassesseer word.
- Hulle hoef nie alles in die sin "anders" te skryf om direkte aanhalings te vermy nie; Hulle kan slegs die woorde effens verskuif in die sin of `n beskrywende woord invoeg of weglaat.
- Kandidate moet 'n lyn ooplaat tussen kolpunte.
- Kandidate moet rofwerk aandui of 'n lyn deur trek.


**d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development, etc.**

- Leerders moet geleer word dat sinne nie voltooi is as net `n hulpwerkwoord gebruik word nie.
- Slegs een feit per kolpunt word aanvaar.
- Hulle moet onthou om die woorde te tel en korrek aan te dui.
- Hulle moet daaraan herinner word dat Engelse woorde in die sin nie in aanmerking geneem word nie.
- Leer leerders om skeibare werkwoorde korrek te gebruik. (werkwoorde gekombineer met `n voorsetsel.)
- Indien daar enige twyfel is, moet die leerder weer na die instruksie gaan kyk.
- Werk aan woordeskat.
- Leerders moet verkieslik die kolpunte / punte nommer.
- Onderwysers moet opgelei word in die fynere detail van die nasien van die opsomming.

**QUESTION 3**

**a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered.**

Vraag is oor die algemeen bevredigend beantwoord.




www.mycourses.co.za



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

**b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

3.1 Kandidate weet nie wat is `n teikengroep nie. Sleutelwoorde se begrip moet verbreed word. Hierdie is `n vlak 1-vraag.
3.2 Leerders verstaan nie die instruksie nie en besef nie dat hulle spesifiek moet wees nie. Hulle verloor punte omdat hulle nie uitbrei nie, baie herhaal eenvoudig die vraag in die antwoord. Kandidate sukkel ook om die inhoud van die advertensie te koppel aan die markdag.
3.4 Kandidate skryf die intensiewe vorm as twee woorde. Die skryf hiervan as een woord moet net weer ingeskerp word.
3.5 Kandidate ken nie die metamorfeem wat verbindingsklank is nie. Hulle voer nie die instruksie uit nie en skryf verkeerd oor.
3.6 Die leerder word direk na die antwoord gelei, wat verwarring veroorsaak het.
3.10 Leerders verstaan nie die instruksie nie. Hulle verwar manipulerende taal met advertensietegnieke. Sonder om die vraag / instruksie te ontleed, antwoord hulle soos hulle geleer het in klas. Hulle beantwoord dus die vraag volgens advertensietegnieke en manipulerende taal en nie uit eie perspektief nie.

www.mycourses.co.za

**c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

**d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teachers' development, etc.**

- Onderwysers moet meer advertensies in die klas oefen.
- Oefen ou vraestelle om te fokus op die manier hoe die vrae gestel word.
- Kandidate moet geleer word om wat hulle visueel sien te bewoord.
- Onderwysers moet die kandidate leer om te kyk wat visueel sigbaar is.

**<u>QUESTION 4</u>**


**a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered.**

- Kandidate het gesukkel met die analise / interpretasie van die strokiesprent.
- Visuele prikkels is swak geïnterpreteer en beperkte woordeskat het `n negatiewe invloed op
- die resultate gehad.



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za




**b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

4.1 Tekort aan woordeskat en spelling van **geboue** en gebruik van Engelse woorde maak antwoorde sinneloos, byvoorbeeld "traffic light".

4.2 Hierdie is `n hoë orde vraag wat die gebruik van figuurlike taal verg. Kandidate beskik nie oor die woordeskat nie. Die meeste kandidate antwoord eenvoudig dat die man `n vraag vra.

4.3 Hier was redelike goeie terugvoer van kandidate, maar baie leerders het nie die vraagteken weggeneem nie en **kan** in **kon** verander.

4.4 4.4.1 Hierdie vraag is swak beantwoord. Kandidate ken nie die betekenis van "ramp" nie, of verwar "ramp" met "raampie."

4.4.2 Die woord "aanname" is onbekend aan die meeste kandidate. Dit lei daartoe dat die vraag baie swak beantwoord word. Kandidate sukkel om beide kante van die argument te stel. Hier kon dalk eerder vir `n EAT-leerder gevra word: Hoe weet jy dat dit net die man se opinie is?

4.5 4.5.2 Hier het kandidate dikwels nie beide punte van die vraag beantwoord nie, m.a.w. noem nie dit wat hy sê én doen nie of haal bloot uit teks aan. Hulle sukkel meestal om te sê wat die man doen.

4.6 Kandidate weet nie hoe om lees - en skryftekens te gebruik nie. Woordorde is ook dikwels verkeerd.

4.7 Kandidate se antwoorde behels verskillende variasies en baie betrek die koerant by hul antwoord. Baie kandidate weet nie wat is waterbeperkings nie. Heelwat kandidate het die vraag verkeerd verstaan en die man se gesiguitdrukking beskryf.

- Leerders lees nie die vrae deeglik nie en begin antwoord voor hulle die hele vraag klaar gelees het.
- Hulle haal sommer lukraak uit die tekste aan.
- Kandidate gebruik baie Engelse woorde in die antwoorde wat dit dan onmoontlik maak om `n sinvolle antwoord te skryf.



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

- Leerders doen nie moeite om vrae te probeer verstaan en ontleed nie, dan beantwoord hulle heel vreemd of net vir een punt se waarde.
- Leerders gebruik verkeerde werkwoorde wat dan die betekenis van die sin totaal verander.
- Kandidate verander ook die tyd as hulle net na indirekte rede moet verander, byvoorbeeld kan - kon.

**c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**
**d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teachers' development, etc.**

- Woordeskatuitbreiding
- Onderrig terminologie van verskillende taalaspekte en wat van kandidate by elk verwag word.
- Maak seker leerders verstaan instruksiewoorde soos: motiveer, verduidelik, ens.
- Die uitwerk van ou vraestelle sal kandidate help bepaal wanneer om aan te haal en wanneer nie.
- Oefen figuurlike taal en visuele prikkels by strokies en advertensies.
- Leer leerders om volsinne te skryf met onderwerp, voorwerp en gesegde.
- Hersien lees-en skryftekens.
- Wanneer 'n vraag 2 punte tel, moet die kandidaat 2 antwoorde of twee feite verskaf

www.mycourses.co.za



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

**Question 5**

**a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered.**

Kandidate het soos in die verlede swak gevaar. Dit lyk asof vakterminologie 'n groot probleem is.




**b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

- 5.1.1 Kandidate weet nie wat lettergrepe is nie. Die wat wel weet, verdeel die grepe verkeerd.
- 5.1.2 Basiese afkortings (dae, maande) ken leerders nie.
- 5.1.3 Leerders weet nie wat `n antoniem is nie.
- 5.1.4 Die meeste leerders is glad nie vertroud met voorsetsels nie.
- 5.1.5 Leerders is nie afgerig in die vraagmetode van trappe van vergelyking nie.
- 5.1.6 Min leerders kan die infinitief korrek gebruik. Opdrag verwar - slegs `n deel van die sin is in hakies, maar hele sin moet oorgeskryf word.
- 5.1.7 Verlede tyd - die werkwoord moet beweeg na die einde van die sin - Addisionele taalsprekers vind dit nog steeds moeilik.
- 5.1.8 Leerders weet nie wat `n homoniem is nie. Baie leerders gebruik die woord in terme van geluk/blydskap.Leerders het nie verstaan dat hulle die woord in 'n sin moet toepas nie.
- 5.1.9 Die leerders is verward oor wanneer hulle `n sin in die ontkennende vorm en die negatief met 'nee" moet begin of nie.
- 5.1.10 Meervoude - leerders ken nie die moeiliker meervoudopsies nie.
- 5.1.11 Addisionele taalleerders ken nie die verskil tussen "dis" en "dus" nie. Die meeste raai hier.
- 5.1.12 Dit is `n problematiese vraag. Leerders wat taal "leer" en voorberei het meestal die vraag verkeerd. Hulle pas reëls toe wat hulle ken en antwoord dus verkeerd.
- 5.1.14 Net sterk kandidate wat voorberei het, sou die verskil tussen lees-en skryftekens ken en hoe en waar om dit te gebruik.
- 5.2.3 Die verbinding van twee sinne is nog steeds moeilik vir leerders as hulle nie die kennis het dat die werkwoord na die einde van die sin moet skuif nie.
- 5.2.5 Die meeste leerders het gesukkel met die verlede deelwoord.

www.mycourses.co.za



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

**c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**
**d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teachers development, etc.**

- Weereens word die gereelde uitwerk van ou vraestelle sterk aanbeveel.
- Die gebrek aan kennis van taalkonvensies en woordeskat blyk die grootste probleemareas te wees.
- Kandidate is geneig om direk uit Engels in Afrikaans te vertaal, wat sinsbetekenis kan beïnvloed.
- Die ondergemiddelde vertoning in vrae 3 tot 5 is 'n bewys dat leerkragte weens die druk van voorgeskrewe werke, nie voldoende taalonderrig en -hersiening in graad 12 kan doen nie. Daar moet egter steeds taalwerk en/of taalhersieninng gedoen word sodat die kandidate deurgaans formele taalonderrig ontvang.
- Dit is belangrik om te onthou dat eenwoord-antwoorde korrek gespel moet word om die punt te verdien.

www.mycourses.co.za

**Ten slotte :**
**Afrikaans moet as lewende taal aangebied word sodat die leerders 'n liefde vir die taal kan ontwkkel. Hierdie positiewe gesinheid sal in die uitslae weerspieël word.**



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

www.mycourses.co.za

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## NOVEMBER 2022

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.**

Kopiereg voorbehou



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taal | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 20 minute |
| AFDELING C: | 50 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: ARTIKEL**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

**TIKTOK, TIKTOK ...**

1 Praat jy van die rustige klank van 'n staanhorlosie? Of van die klop-aan-die-deur-en-weghardloop-speletjie? Nee! Ek praat van TikTok, die toep op sosiale media wat 'n mens kan gebruik om kort video's saam met musiek en ander klankeffekte te maak.

2 TikTok is in September 2016 deur die Chinese maatskappy, ByteDance, begin. Vanaf 2018 het dit globaal só gewild geraak dat dit maklik met ander sosialemediareuse soos *Facebook* kan kompeteer. Walloroo Media se navorsing het bewys dat TikTok aan die begin van 2021 meer as 1 miljard aktiewe gebruikers gehad het. Die toep is ook ten minste 200 miljoen kere afgelaai. Op die oomblik is dit in 75 tale beskikbaar.

3 Die naam, TikTok, dui op die kort formaat van die video's. Aan die begin was dit net 15 sekondes lank. Nou kan 'n TikTok-video tot 3 minute lank wees. Die doel is hoofsaaklik om te vermaak, daarom is die aanbieding gewoonlik lig en grappig. Inhoud sluit grappe, toertjies of dansroetines in. Die musiek wat daarmee saamgaan, maak dit net meer aanloklik vir mense.

4 TikTok is veral onder jongmense gewild. Eers was net sowat 7,1% van gebruikers 50 jaar en ouer. Verder is daar bevind dat 90% van gebruikers elke dag met TikTok besig is. Jy loop gevaar om aan TikTok "verslaaf" te raak. Jongmense se vermoë om te konsentreer soos hulle moet, word ook beïnvloed.

5 Soos met byna alle ander dinge het die Covid-19-pandemie ook die gebruik van TikTok op verskillende maniere verander. Teen die einde van April 2020, toe Suid-Afrika op Vlak 5 van die inperking was, het die aantal TikTokkers baie gestyg. Oud en jonk het dit gebruik om besig te bly en om hulle aandag van die probleme rondom die pandemie af te lei.

6 Die suksesverhale van TikTok maak 'n mens opgewonde. Net toe mense regoor die wêreld wou moed opgee, het 'n groep jongmense van Angola almal met hulle dansroetine op die maat van "Jerusalema" geïnspireer. Almal wou net dans! Mense is uitgedaag om self die dansroetine op te voer en het nie op hulle laat wag nie. Van die Kaap tot in Kuba het groepe mense met hulle eie Jerusalema-danspassies die boodskap van hoop aan die deurmekaar wêreld gebring.

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


7 TikTok het ook op die pienk kerkie op Lambertsbaai 'n effek gehad. Toe die kerkie nie sy deure kon oopmaak nie, het die jong dominee, Farren White, TikTok gebruik om die Woord aan haar gemeente te bring. Dit was 'n nuwe manier van doen en nie almal het daarvan gehou nie. Uiteindelik was haar digitale boodskappe egter so gewild dat hulle vier ekstra kameras in die kerk moes installeer. En haar gemeente het gegroei!

8 Terwyl leerders nie skool toe kon gaan nie, het 'n graad 12-leerder op 'n klein Karoodorpie begin TikTok om sy vriende te motiveer. Hy het gedans en gerymklets! 'n Ander leerder wou die lesse wat sy onderwysers op WhatsApp geplaas het 'n bietjie lewe gee. Hy gebruik toe rymklets om die notas wat sy onderwyser vir Lewenswetenskappe gestuur het, op te vrolik. Sy broer het 'n TikTok-video daarvan gemaak en vir sy klasmaats gestuur. Húlle het dit vir ander vriende gestuur en so het dit soos 'n veldbrand versprei. Dit het hom aangemoedig om nóg sulke rymklets-notas te maak. Nie net het dit graad 12-leerders gemotiveer nie, maar ook bewys dat leer lekker pret kan wees!

9 Alhoewel TikTok nie vir gewone advertensies bedoel is nie, is daar mense wat dit gebruik om produkte te adverteer of om tendense te bevorder. Dit word veral rondom skoonheid, modes, persoonlike finansies en kook gedoen. Dikwels word bekendes en *celebrities* hiervoor gebruik.

10 TikTok kán van waarde wees. Ongelukkig is daar ook mense wat dit misbruik, soos mense wat fopnuus die wêreld instuur of propaganda of negatiewe inhoud versprei. Dit is waarom TikTok in sekere lande verbied word.

11 Uiteindelik geld die goue reël wat op alle sosiale media van toepassing is: Dink voor jy doen!

[Verwerk uit Wikipedia, *Huisgenoot*, 10 Februarie 2022, e.a.]

www.mycourses.co.za

**LET WEL:**
- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Waarvoor kan jy TikTok-video's gebruik? (Paragraaf 1) (2)

1.2 Hoekom is ByteDance in paragraaf 2 as een woord geskryf? (1)

1.3 Skryf EEN woord uit paragraaf 2 neer wat vir ons sê dat TikTok oor die hele wêreld gebruik word. (1)

1.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Net soos *Facebook*, is TikTok ook een van die "sosialemedia**reuse**" omdat dit (op kommunikasie tussen mense fokus/miljoene gebruikers het). (1)

1.5 Volgens Walloroo Media het TikTok aan die begin van 2021 meer as 1 miljard gebruikers gehad.

Waarom kan ons sê dat hierdie 'n FEIT en nie 'n mening is nie? (1)


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


1.6 Watter inhoud word in TikTok-video's gebruik om mense te vermaak?

Noem TWEE. (2)

1.7 Lees paragraaf 4.

1.7.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Indien jongmense TikTok te veel gebruik, kan dit (voordelige/nadelige) gevolge vir hulle hê. (1)

1.7.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.7.1. (1)

1.8 Lees paragraaf 7.

1.8.1 Waarom, dink jy, het party mense nie van Farren White se nuwe manier van doen gehou nie? (1)

1.8.2 Waarom kan ons sê dat Farren se digitale boodskappe wel suksesvol was? Noem TWEE redes. (2)

1.9 TikTok het vinnig gegroei.

Kies 'n beskrywing in KOLOM B wat by die datum in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.9.1 tot 1.9.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.9.1 2016 | A Meer as 200 miljoen mense het die toep afgelaai. |
| 1.9.2 2018 | B TikTok het mense in moeilike tye gehelp. |
| 1.9.3 2020 | C TikTok is aan die wêreld bekendgestel. |
| 1.9.4 2021 | D Party lande het die gebruik van TikTok verbied. |
| | E Binne twee jaar het TikTok 'n sterk mededinger op sosiale media geword. |

(4 x 1) (4)

1.10 Watter musiekgenre het die twee leerders van wie ons in paragraaf 8 lees, gebruik om ander matrieks te motiveer? Skryf EEN woord neer. (1)

1.11 "Húlle het dit vir ander vriende gestuur en so het dit soos 'n veldbrand versprei." (Paragraaf 8)

1.11.1 Word hierdie sin LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik? (1)

1.11.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.11.1. (1)


Source: www.mycourses.co.za

1.12 Waarom kan 'n mens verstaan dat dit sinvol is om bekendes in TikTok-advertensies te gebruik? (1)

1.13 Lees weer paragraaf 6.

Watter TWEE lewenslesse wat jóú in alle omstandighede kan help om moeilike situasies te hanteer, kry jy uit hierdie paragraaf?

Begin jou antwoord met: Ek het geleer dat … (2)

1.14 Lees die slotparagraaf.

Waarom, dink jy, is dit 'n goue reël op sosiale media om eers te dink voor jy doen? (1)

www.mycourses.co.za


Get more papers from: www.mycourses.co.za


## TEKS B

Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MENSE TUSSEN 16 EN 30 JAAR SE**
**TIEN BESTE NUWEJAARSVOORNEMENS VIR 2023**

**A**



**B**




**C**



**D**



**E**



**F**



**G**




**H**



**I**





**J**



www.mycourses.co.za

**Voer mense hulle nuwejaarsvoornemens uit?**

8% van mense 

92% van mense 

[Verwerk uit Grafika24]


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


1.15 Kies die KORREKTE ANTWOORD om die sin mee te voltooi. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.15) neer.

Uit PRENTJIE A lei ons af dat mense in 2023 graag …

A meer wil oefen.
B met ander wil kompeteer.
C hulle tyd beter wil gebruik.
D vinniger by die werk wil kom. (1)

1.16 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

PRENTJIE B impliseer dat mense in 2023 (meer aktief wil wees/ander mense wil help). (1)

1.17 Wat sê die mense se nuwejaarsvoornemens in PRENTJIE C vir jou? (1)

1.18 Noem EEN ding wat mense nie meer in 2023 wil doen nie. (1)

1.19 Die meeste mense slaag daarin om by hulle nuwejaarsvoornemens te hou.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.20 Waarom sou jy respek kon hê vir mense (PRENTJIE J) wie se voorneme dit is om te oefen? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


## AFDELING B: OPSOMMING

Lees die teks hieronder en voer die instruksies uit.

### VRAAG 2

Noudat jy klaar is met skool, moet jy leer om geldslim te wees.

### INSTRUKSIES

1. Som die SEWE wenke om GELDSLIM te wees in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die wenke puntsgewys neer.
3. Nommer die wenke van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

www.mycourses.co.za

### TEKS C

**WEES GELDSLIM!**

Ons het geld nodig om die dinge te kan doen wat ons graag wíl doen. Hier volg 'n paar wenke vir jou om geldslim te wees!

Daar is verskillende maniere om geld eerlik te verdien. Soek na 'n werk waarvan jy hou! As jy hard werk vir iets, sal jy daarmee versigtig wees. Sodra jy geld het, moet jy bepaal wat jy met jou beskikbare geld gaan doen. Jy moet weet hoeveel geld jy hét voordat jy kan besluit hoeveel geld jy kan uitgee. Dit beteken dat jy 'n sinvolle begroting moet opstel. Daarna moet jy deeglik boekhou van al jou uitgawes. Dit sal jou help om te sien hoe jy jou geld uitgegee het. So kan jy ook op hoogte bly van die prysveranderinge van artikels.

Jongmense wil graag "in" wees, maar as dit by jou geldsake kom, moet jy jou eie kop volg. Daarom behoort jy jou inkopies volgens jou eie behoeftes en wat jý kan bekostig, te beplan. Moenie kwaliteit inboet nie, maar moet ook nie noodwendig die duurste goed koop nie. Dit is die moeite werd om te soek na goedkoper opsies van die artikels wat jy wil koop.

Dit bly 'n feit dat geld meer geld maak as jy slim daarmee werk. Daarom moet jy probeer om so vroeg as moontlik in jou lewe te begin spaar. Onthou: die doel is dat jou geld meer moet word. Gevolglik moet jy uitvind waar jy die beste rente op jou spaargeld sal verdien.

[Verwerk uit *Kuier,* 'Tips for saving money', 17 September 2020, e.a.]

**TOTAAL AFDELING B: 10**


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie (TEKS D) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS D**




www.mycourses.co.za

[Verwerk uit Google Images]


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


3.1 Wie is die teikengroep van hierdie advertensie? (1)

3.2 Hoe ondersteun die prente die inhoud van die advertensie? (1)

3.3 Kies die KORREKTE ANTWOORD uit dié tussen hakies.

"Duisende aktiwiteite!" is 'n voorbeeld van ('n hiperbool/ironie). (1)

3.4 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

(Jonk) en stokoud is welkom. (1)

3.5 Gee die SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

(Kind + pret) (1)

3.6 Die adverteerder gebruik herhaling om die leser te manipuleer.

Haal 'n voorbeeld uit die advertensie aan om die stelling te bewys. (1)

3.7 Kies die KORREKTE ANTWOORD om die sin te voltooi. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.7) neer.

In hierdie advertensie beteken die idioom " … **vir 'n appel en 'n ei**" dat alles … is.

A goedkoop
B lekker
C gratis
D vars (1)

3.8 Watter belangrike inligting wat in hierdie advertensie behoort te wees, is weggelaat? (1)

3.9 Hoekom, dink jy, het die adverteerder die 70 jaar binne **'n ster** geplaas? (1)

3.10 Hoekom sou dié advertensie jou oorreed om hierdie markdag by te woon?

Motiveer jou antwoord. (1)
**[10]**

www.mycourses.co.za



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


## VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent (TEKS E) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**




[Verwerk uit *MamaTaxi*]

www.mycourses.co.za

4.1 Die agtergrond vir hierdie strokiesprent is 'n tipiese straattoneel in die stad. Gee EEN visuele teken wat hierdie stelling ondersteun. (1)

4.2 Verduidelik die funksie van die vraagtekens in RAAMPIE 1. (1)

4.3 Skryf die sin hieronder in die INDIREKTE REDE. Gebruik **of** in jou antwoord.

Kan dit waar wees?

**Begin só:** Die man vra ... (1)

4.4 Dit is 'n ramp! (RAAMPIE 2)

4.4.1 Wat, dink jy, bedoel die man met hierdie woorde? (1)

4.4.2 Waarom kan ons sê dat die man met hierdie woorde 'n aanname maak? (1)

4.5 Kies die KORREKTE ANTWOORD uit dié tussen hakies.

4.5.1 Die straatverkoper (verskil van/stem saam met) die man. (1)

4.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.5.1. Verwys in jou antwoord na die straatverkoper se woorde én dit wat hy doen. (2)

4.6 Skryf die sin hieronder oor as 'n BEVELSIN.

Jy moet namens jouself praat. (1)

4.7 Is dit reg dat die man in RAAMPIE 1 so ontsteld is oor wat hy in die koerant gelees het? Motiveer jou antwoord. (1)
**[10]**


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F**

**OUMA VERWERF HAAR MEESTERSGRAAD**

Notozi Jennifer Mgobozi is 'n 75-jarige ouma van vyf (5.1.1) (kleinkinders). Sy het in (5.1.2) (November) 2021 haar meestersgraad in onderwys aan die Walter Sisulu Universiteit behaal. Sy sê dit was (5.1.3) (maklik), maar beslis die moeite werd. Haar familie én ander mense is baie trots (5.1.4) (...) haar.

Jennifer is al (5.1.5) (baie) as 40 jaar lank betrokke by onderwys. Sy werk by *NECT*, wat probeer (5.1.6) (onderwys in SA verbeter). (5.1.7) (Sy doen juis haar navorsing oor *NECT* se program vir Engels as EAT). Sy sal (5.1.8) (bly) wees as haar navorsing 'n positiewe effek op onderwys het; veral in die landelike gebiede.

Jennifer sê studies en opleiding het (5.1.9) (iets met ouderdom te doen). Sy sê daar is nou baie (5.1.10) (geleentheid). As jy (5.1.11) (dus/dis) kan, moet jy dit doen. Daarom is sy nie van plan om gou af te tree nie. Inteendeel! (5.1.12) (Sy wil verwerf met lof haar doktorsgraad volgende jaar).

Jennifer is 'n (5.1.13) (inspireer) vir ander. Sy het bewys: (5.1.14) Waar 'n wil is is 'n weg!

[Verwerk uit *Die Burger*, 23 November 2021]

www.mycourses.co.za

5.1.1 Verdeel die woord tussen hakies korrek in LETTERGREPE.

Notozi Jennifer Mgobozi is 'n 75-jarige ouma van vyf (kleinkinders). (1)

5.1.2 Gee die AFKORTING vir die woord tussen hakies.

Sy het in (November) 2021 haar meestersgraad in onderwys aan die Walter Sisulu Universiteit behaal. (1)

5.1.3 Gee die ANTONIEM vir die woord tussen hakies.

Sy sê dit was (maklik), maar beslis die moeite werd. (1)

5.1.4 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in.

Haar familie én ander mense is baie trots ... haar. (1)


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


5.1.5 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Jennifer is al (baie) as 40 jaar lank betrokke by onderwys. (1)

5.1.6 Skryf die hele sin oor in die INFINITIEF.

Sy werk by *NECT*, wat probeer (onderwys in SA verbeter). (1)

5.1.7 Skryf die sin hieronder oor in die VERLEDE TYD.

Sy doen juis haar navorsing oor *NECT* se program vir Engels as EAT. (1)

5.1.8 Sy sal **bly** wees as haar navorsing 'n positiewe effek op onderwys het; veral in die landelike gebiede.

Gebruik die HOMONIEM van **bly** in 'n sin sodat die betekenis duidelik blyk. (1)

5.1.9 Skryf die gedeelte tussen hakies in die ONTKENNING.

Jennifer sê studies en opleiding het (iets met ouderdom te doen). (1)

5.1.10 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Sy sê daar is nou baie (geleentheid) daarvoor. (1)

5.1.11 Kies die KORREKTE WOORD uit dié tussen hakies.

As jy (dus/dis) kan, moet jy dit doen. (1)

5.1.12 Skryf die sin hieronder in die korrekte WOORDORDE.

Sy wil (verwerf) (volgende jaar) (met lof) haar doktorsgraad. (1)

5.1.13 Vorm 'n SELFSTANDIGE NAAMWOORD van die werkwoord tussen hakies.

Jennifer is 'n (inspireer) vir ander mense. (1)

5.1.14 Vul die ontbrekende LEESTEKEN in. Skryf die sin oor en onderstreep die leesteken wat ingevul is.

Waar 'n wil is is 'n weg! (1)


www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G**




[Bron: iStock]

www.mycourses.co.za

5.2.1 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Susan dra 'n snaakse (hoed). (1)

5.2.2 Gee die KORREKTE AFRIKAANS vir die woord tussen hakies.

Lukas eet 'n (*sandwich*). (1)

5.2.3 VERBIND die twee sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Nina beduie met haar hand. Sy gesels met haar maats. (terwyl) (1)

5.2.4 Kies die KORREKTE WOORD uit dié tussen hakies.

Nina (behandel/hanteer) haar maats met respek. (1)

5.2.5 Gee EEN woord vir die omskrywing tussen hakies.

Lungile dra sy boeke in sy (sak wat hy op sy rug dra). (1)

5.2.6 Vorm 'n VERLEDE DEELWOORD van die werkwoord tussen hakies.

Lungile drink (gebottel) water. (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

www.mycourses.co.za

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2022**

**NASIENRIGLYNE**

www.mycourses.co.za

**PUNTE: 80**

Goedgekeur

Mev. R. Bence (Eksterne Moderator)
**10 NOVEMBER 2022**

Goedgekeur
Mev. A. Venter (Interne Moderator)

**10 NOVEMBER 2022**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye.**

Kopiereg voorbehou



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



## AFDELING A: LEESBEGRIP

## ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee 'n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE/DRIE na.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

## VRAAG 1

### TEKS A: 'TIKTOK, TIKTOK ...'

[Verwerk uit Wikipedia, *Huisgenoot*, 10 Februarie 2022, e.a.]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | • Om **kort/korter** video's te maak.<br>• Om **musiek** (saam met die video's) te gebruik.<br>• Om ander **klankeffekte** (saam met die video's) te gebruik.<br>• Aanvaar ook aanhaling: "Om kort video's saam met musiek en ander klankeffekte te maak." ✓✓<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 1.2 | • Dit is die naam van die maatskappy/besigheid./Dit is 'n maatskappy.<br>• Een begrip<br>• Dit is 'n samestelling.<br>• Eienaam<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.3 | "globaal"<br>*(Penaliseer nie as die woord nie tussen aanhalingstekens is nie. Aanvaar "global" as oorskryffout.)* | 1 |
| 1.4 | miljoene gebruikers (het) | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.5 | • Dit is op navorsing gebaseer./Daar is navorsing daaroor gedoen.<br>• Die woord "navorsing" (in die teks) wys dit.<br>• "navorsing"<br>• Dit is bewys/opgesoek/getel/nagegaan.<br>• Die woord "bewys" (in die teks) wys dit.<br>• Daar is statistiek beskikbaar.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.6 | • grappe/grappige<br>• toertjies<br>• dansroetines/dans<br>• musiek<br>*(Enige TWEE)* | 2 |
| 1.7.1 | nadelige | 1 |
| 1.7.2 | • Hulle kan verslaaf raak aan TikTok/daaraan.<br>• Hulle sukkel om te konsentreer.<br>• Jongmense word blootgestel aan verkeerde boodskappe/inligting.<br>• Aanvaar ook aanhaling: "Jy loop gevaar om aan TikTok verslaaf te raak. Jongmense se vermoë om te konsentreer soos hulle moet, word ook beïnvloed."<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op Vraag 1.7.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.7.2 te verdien.)* | 1 |
| 1.8.1 | • Dit was iets nuuts./Hulle was nie gewoond daaraan nie./Dit gaan teen tradisies in.<br>• Vir baie mense het dit nie in die kerk gepas nie.<br>• Party mense is gekant teen sosiale media.<br>• Mense het die persoonlike interaksie gemis.<br>• Party mense het Farren se nuwe manier van doen as 'n bedreiging beskou/was jaloers daarop.<br>• Nie almal het data/selfone/toegang tot sosiale media nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.8.2 | • (Dit het so gewild geword) dat hulle vier ekstra/ekstra/nog/meer kameras in die kerk moes installeer.<br>• Haar gemeente het gegroei.<br>• Sy doen dit nog steeds./Mense hou daarvan.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 1.9.1 | C/TikTok is aan die wêreld bekendgestel. | 1 |
| 1.9.2 | E/Binne twee jaar het TikTok 'n sterk mededinger op sosiale media geword. | 1 |
| 1.9.3 | B/TikTok het mense in moeilike tye gehelp. | 1 |
| 1.9.4 | A/Meer as 200 miljoen mense het die toep afgelaai. | 1 |

www.mycourses.co.za

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.10 | "rymklets/gerymklets"<br>*(Aanvaar nie rymklets-notas nie, want dit is nie 'n genre nie.)* | 1 |
| 1.11.1 | Figuurlik/figuurlik | 1 |
| 1.11.2 | • Die video's het **vinnig** versprei.<br>• Die video's het **baie** mense bereik/is die wêreld deur versprei.<br>• Die video's is **gou** deur (baie) mense gedeel/aangestuur.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op Vraag 1.11.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.11.2 te verdien.)* | 1 |
| 1.12 | • Mense laat hulle deur bekendes beïnvloed/sien bekendes as rolmodelle.<br>• Mense wil graag doen wat bekendes doen.<br>• Mense bewonder bekendes/dink wat bekendes doen is goed en reg.<br>• Mense volg bekendes op al hulle sosialemediaplatforms./Bekende mense trek ander se aandag.<br>• Bekendes lok kykers en meer kykers beteken meer geld.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Uit die perspektief van die adverteerder of die kyker.)* | 1 |
| 1.13 | Ek het geleer dat ...<br>• ek nooit moed moet opgee nie.<br>• gewone mense mekaar kan inspireer.<br>• jy uitdagings om positiewe dinge te doen, moet aangryp/aanvaar.<br>• gemeenskappe moet saamstaan om mekaar te help/positief te motiveer.<br>• daar altyd hoop is, al is alles deurmekaar.<br>• jy respek kry vir mense soos die Jerusalema-groep wat positiewe boodskappe versprei.<br>• 'n mens steeds pret kan hê/steeds kan dans onder moeilike omstandighede.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidate mag nie aanhaal nie. Dit moet eie, persoonlike lewenslesse wees wat dui op **moed, inspirasie, hoop** en **uitdagings aanvaar** in moeilike tye. Dit gaan oor **impak op die leser**. Aanvaar as kandidaat les verwoord sonder om te sê: "Ek het geleer dat ... ")* | 2 |
| 1.14 | • Jy stel jou bloot aan verkeerde/gevaarlike/negatiewe dinge op sosiale media.<br>• Die internet vergeet nie./Jy kan nie dinge op sosiale media terugtrek of verander nie.<br>• Jy kan iets verkeerds plaas/iets wat nie die waarheid is nie en jou naam word vir altyd daaraan gekoppel.<br>• Jy kan verbied word op sosiale media.<br>• As jy te haastig is, kan jy iets stuur wat lewenslank by jou spook.<br>• Jou woorde kan ander mense seermaak/hartseer maak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



**TEKS B: 'MENSE TUSSEN 16 EN 30 SE TIEN BESTE NUWEJAARSVOORNEMENS VIR 2023'**
[Verwerk uit Grafika24]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.15 | C/hulle tyd beter wil gebruik | 1 |
| 1.16 | ander mense wil help | 1 |
| 1.17 | Die mense wil vir diere omgee/aandag aan diere gee/diere versorg.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Aanvaar ook as kandidate spesifieke diere noem, bv. honde.)* | 1 |
| 1.18 | • Hulle wil nie meer rook nie./Rook.<br>• Hulle wil nie meer op sosiale media/Twitter wees nie./Sosiale media/Twitter.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.19 | • Net 8% van mense hou by hulle voornemens.<br>• 92% van mense hou nie by hulle voornemens nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.20 | Ek het respek vir hierdie mense, want hulle ...<br>• besef dat oefening belangrik is.<br>• besef dat 'n gesonde liggaam 'n gesonde gees huisves.<br>• wil meer aandag aan hulle gesondheid gee/besef dat hulle gesondheid belangrik is.<br>• het deursettingsvermoë.<br>• moedig my aan om meer aktief te wees.<br>• wil 'n positiewe verandering in hul lewens maak en dit verg harde werk en dissipline.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

www.mycourses.co.za

**AFDELING B: OPSOMMING**

**Nasien van die opsomming**

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf. Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10
- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 korrekte feite: 1 punt
  - 4–5 korrekte feite: 2 punte
  - 6–7 korrekte feite: 3 punte

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 4–5 korrekte aanhalings: maksimum 1 punt vir taal word toegeken
  - 2–3 korrekte aanhalings: maksimum 2 punte vir taal word toegeken
  - **Toegewing:** Indien die kandidaat 6 of 7 korrekte feite het, maar **een** daarvan is 'n direkte aanhaling, kry die kandidaat 6 of 7 punte vir die 6 of 7 feite en 3 punte vir die taal. Die kandidaat kry in hierdie geval dus 9/10 of 10/10 vir die opsomming.

    Indien die kandidaat **net 1 direkte aanhaling** het, verdien die kandidaat net 1 punt vir die aanhaling en geen punte vir taal nie.

**Getal woorde:**
- Nasieners moet die getal woorde verifieer.
- Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
- Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener VYF woorde ná die 70-woordegrens aan lees en nasien. Ignoreer die res van die opsomming.

**VRAAG 2**

**TEKS C: WEES GELDSLIM!**
[Verwerk uit *Kuier*, 'Tips for saving money', 17 September 2020, e.a.]

| DIREKTE AANHALING | | EIE WOORDE |
|---|---|---|
| Ons het geld nodig om die dinge te kan doen wat ons graag wíl doen. Hier volg 'n paar wenke vir jou om geldslim te wees!<br><br>Daar is verskillende maniere om geld eerlik te verdien. Soek na **'n werk** waarvan jy hou. | 1 | Vind 'n manier om geld (eerlik) te **verdien**./Jy moet op die een of ander manier geld verdien./Kry **werk**. |
| As jy hard werk vir iets, sal jy versigtig daarmee wees. Sodra jy geld het, moet jy **bepaal wat jy met jou beskikbare geld gaan doen.** Jy moet weet hoeveel geld jy hét, voordat jy kan besluit hoeveel geld jy kan uitgee. Dit beteken dat jy **'n sinvolle begroting moet opstel**. | 2 | Stel 'n (sinvolle) **begroting** op./Jy moet 'n (sinvolle) begroting opstel./Jy moet bepaal wat jy met jou geld gaan doen./**Beplan** wat jy met die geld wil doen./Weet hoeveel geld jy het voordat jy dit uitgee. |
| Daarna moet jy **deeglik boekhou** van al jou uitgawes. Dit sal jou help om te sien hoe jy jou geld uitgegee het. So kan jy ook op hoogte bly van die prysveranderinge van artikels. | 3 | **Hou boek** van al jou uitgawes./Jy moet al jou uitgawes aanteken./Bly op hoogte van prysveranderinge. |
| Jongmense wil graag "in" wees, maar as dit by jou geldsake kom, moet jy jou eie kop volg. Daarom behoort jy jou **inkopies** volgens jou **eie behoeftes** en **wat jý kan bekostig**, te beplan. | 4 | Beplan jou inkopies volgens jou **eie behoeftes**/wat jy kan bekostig./Jy moet weet wat jy nodig het voor jy inkopies gaan doen./Maak staat op jou eie insigte/doen jou eie ding as dit by jou geldsake kom./Doen jou inkopies volgens jou eie behoeftes en geld. |
| Moenie **kwaliteit** inboet nie, maar moet ook nie noodwendig die duurste goed koop nie. Dit is die moeite werd om te soek na **goedkoper opsies** van die artikels wat jy wil koop. | 5 | Jy moet **kwaliteit** in ag neem/oorweeg wanneer jy inkopies doen. |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| | | |
|---|---|---|
| Dit bly 'n feit dat geld meer geld maak as jy slim daarmee werk. Daarom moet jy probeer om so vroeg as moontlik in jou lewe te begin **spaar**. Onthou: die doel is dat jou geld meer moet word. Gevolglik moet jy uitvind waar jy die **beste rente** op jou spaargeld sal verdien. | 6<br><br>7<br><br>8 | Soek na **goedkoper opsies** van dit wat jy wil koop./Moenie die duurste artikels koop nie.<br><br>Begin so vroeg as moontlik **spaar**./Jy moet so vroeg as moontlik begin spaar.<br><br>Vind uit waar jy die beste **rente** (op jou spaargeld) sal verdien./Jy moet uitvind waar jy die beste rente (op jou geld) kan verdien.<br><br>(60/61woorde) |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAAL**
**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word as korrek aanvaar selfs al is die spelling verkeerd. Die fout mag net nie die betekenis van die woord verander nie. Waar woordstrukture getoets word, moet dit korrek gespel word.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling slegs gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrkte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

**VRAAG 3**

**TEKS D: ADVERTENSIE**
[Verwerk uit Google Images]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | • die gemeenskap<br>• enigiemand wat die markdag wil ondersteun/almal wat van 'n markdag hou, bv:<br>  ○ (skool)kinders/volwassenes/oud en jonk<br>  ○ jongmense/oumense<br>  ○ ouers/kinders wat betrokke is by Hoërskool Pretville/hulle skool wil ondersteun<br>• enigiemand wat van sulke aktiwiteite/pret hou<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.2 | • Dit gee 'n duidelike aanduiding van …<br>  ○ dinge/artikels/produkte wat by die markdag verkoop gaan word/ te koop aangebied word.<br>  ○ eetgoed wat gekoop/geniet kan word.<br>  ○ die aktiwiteite waaraan jy kan deelneem.<br>• Die prente verteenwoordig die produkte.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.3 | 'n hiperbool | 1 |
| 3.4 | **Bloed**jonk/**bloed**jonk/**piep**jonk *(sp)* | 1 |
| 3.5 | Kind**er**pret/kind**er**pret *(sp)* | 1 |
| 3.6 | en nog **baie, baie** meer/baie, baie/baie | 1 |
| 3.7 | A/goedkoop | 1 |
| 3.8 | • Die datum/'n datum/datum (waarop dit gaan plaasvind)<br>• Die dag (waarop dit gaan plaasvind)<br>• Fisiese adres van die skool/plek waar dit gehou word<br>• Pryse van produkte wat verkoop gaan word<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.9 | • Dit dui op 70 jaar van sukses.<br>• Om die 70 jaar van sukses te beklemtoon/uit te lig.<br>• Om te wys dat dit 'n skitterende skool is.<br>• Die skool blink al 70 jaar uit.<br>• Die skool is al 70 jaar een van die beste skole.<br>• Dit dui aan dat die skool goed presteer.<br>• Dit beklemtoon hoe oud die skool is./Die skool is 70 jaar oud.<br>• Om dit te beklemtoon/te laat uitstaan/die leser se aandag te trek/die leser se oog te vang.<br>• Dit is belangrik./Dit is die skool se groot dag/verjaarsdag.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.10 | • Ek is mal oor enige markdag.<br>• Ek sal nie die pret wil misloop nie.<br>• Die lekkernye en die aktiwiteite trek my aandag. *(Aanvaar ook as kandidaat na spesifieke lekkernye/aktiwiteite verwys.)*<br>• Dit/Alles is goedkoop/nie duur nie.<br>• Ek wil die skool ondersteun./Dit is vir skoolkinders.<br>• Dit is ook vir jongmense.<br>• Ek hou van burgers en tjips, lekkers, ens.<br>• Daar gaan musiek wees.<br>• Dit gaan 'n lekker aktiwiteit vir die gesin wees.<br>• Die foto's wys vir my dat daar lekker eetgoed gaan wees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. **Jy** in die vraag verwys na ek/'n mens.)* | 1 |
| | | **[10]** |

www.mycourses.co.za

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



**VRAAG 4**

**TEKS E: STROKIESPRENT**
[Verwerk uit *MamaTaxi*]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1 | • (hoë) geboue/blyplekke/wolkekrabbers<br>• verkeerslig(te)/robot(s/te)<br>• artikels wat by die verkeerslig/op die sypaadjie verkoop word<br>• motor wat ry<br>• sypaadjie<br>• verkoper by die verkeersligte<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.2 | • Dit dui die man se verbasing aan.<br>• Dit wys dat die man geskok/ontsteld is.<br>• Dit beklemtoon sy ongeloof/dat hy nie kan glo wat hy lees nie.<br>• Dit wys dat die man wonder of dit waar is./Dit beklemtoon dat hy baie vrae het oor dit wat hy in die koerant lees./Hy dink daaroor.<br>• Dit dui retoriese vrae aan.<br>• Dit dui die man se frustrasie aan.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.3 | • Die man vra **of** dit waar kan wees.<br>• Die man vra **of** dit kan waar wees.<br>*(Enige EEN. Aanvaar as kandidaat "wonder" i.p.v. "vra" gebruik.)* | 1 |
| 4.4.1 | • Dit is tragies/(baie) erg/sleg/skokkend.<br>• Dit kan (baie) probleme/groot moeilikheid veroorsaak.<br>• Dit gaan mense/almal laat sukkel.<br>• Dit kan die lewe moeilik maak vir mense.<br>• Dit is baie hartseer dat daar waterbeperkings is.<br>• Dit is 'n gemors.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.4.2 | • Hy aanvaar dat almal soos hy voel/so geskok is./Hy praat namens almal.<br>• Hy voel dat almal (moet) dink dis 'n ramp.<br>• Hy dink/glo dat die waterbeperkings op almal 'n negatiewe invloed sal hê.<br>• Hy dink dat almal gaan swaarkry.<br>• Dit is slegs sy eie gevoel daaroor (nie almal word negatief geraak deur waterbeperkings nie).<br>• Hy neem aan dat die waterbeperkings ook soos elektrisiteit/beurtkrag op alle vlakke ingestel gaan word.<br>• Die straatverkoper roep "Nee", wat beteken hy voel nie dieselfde nie.<br>• 'n Ramp moet formeel aangekondig word.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.5.1 | verskil (van) | 1 |
| 4.5.2 | • Die straatverkoper **sê** (sy woorde) die man moet namens homself praat/dat die man nie namens hom moet praat nie. /Die straatverkoper sê, nee. Hy dink nie dit is 'n ramp nie, hy het 'n plan en kan geld maak deur emmers en gieters te verkoop. ✓<br>• Die straatverkoper **wys** met sy hand (dis wat hy doen) na die goed/emmers en gieters wat hy verkoop waaruit hy 'n inkomste gaan verdien./Dit tel in die straatverkoper se guns dat daar waterbeperkings is, want hy sal sy emmers en gieters kan verkoop. ✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op Vraag 4.5.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 4.5.2 te verdien.)* | 2 |
| 4.6 | • Praat namens jouself./!<br>• Jy móét namens jouself praat.<br>• Jy moet namens jouself praat!<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 4.7 | Ja.<br>• Mense gaan sukkel sonder water.<br>• Mense gaan gedwing word om water te koop.<br>• Dit gaan ongerieflik wees met so min water.<br>• Mense betaal vir water, maar dan word hulle beperk.<br>• Mense moet nou min water gebruik/water spaar.<br>• Mense mag nie hulle tuine natlei nie.<br>• Daar is reeds so baie probleme waarmee mense sukkel dat probleme met water ook, mense moedeloos gaan maak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>OF<br>Nee.<br>• Mense moet verstaan dat daar droogte en waternood in ons land is.<br>• Daar is baie mense wat met min water moet klaarkom.<br>• Almal moet saamwerk/opoffer in tye van nood.<br>• Mense moet leer om water spaarsamig/reg te gebruik.<br>• Mense is vooraf ingelig.<br>• Vir mense soos die straatverkoper bring dit 'n ekstra inkomste as mense net tuin mag natmaak met emmers en gieters in plaas van tuinslange en sproeiers.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[10]** |

www.mycourses.co.za

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



**VRAAG 5.1**

**TEKS F: OUMA VERWERF HAAR MEESTERSGRAAD**
[Verwerk uit *Die Burger*, 23 November 2021]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.1 | klein+kin+ders/klein-kin-ders/klein/kin/ders<br>*(Enige EEN. Die verdeling moet volledig wees.)* | 1 |
| 5.1.2 | Nov. *(sp)* | 1 |
| 5.1.3 | moeilik(e)/uitdagend/ingewikkeld/swaar/hard<br>*(Enige EEN. Spelfoute mag nie die betekenis van die antwoord verander nie.)* | 1 |
| 5.1.4 | op | 1 |
| 5.1.5 | meer | 1 |
| 5.1.6 | • Sy werk by *NECT*, wat probeer **om** onderwys in Suid-Afrika **te** verbeter/**te** verbeter in Suid-Afrika.<br>• Sy werk by *NECT*, wat probeer **om** onderwys **te** verbeter in Suid-Afrika.<br>• **om** onderwys in Suid-Afrika **te** verbeter<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.1.7 | • Sy **het** juis haar navorsing oor *NECT* se program vir Engels as EAT **gedoen**.<br>• Sy **het** juis haar navorsing **gedoen** oor *NECT* se program vir Engels as EAT.<br>• Sy **het** haar navorsing juis oor *NECT* se program vir Engels EAT **gedoen**.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.1.8 | • Ek **bly** by my ouma/al jare lank in my huis in Klerksdorp.<br>• Ek **bly** in 'n woonstel.<br>• Haar navorsing **bly** die sisteem positief beïnvloed.<br>• Die man **bly** stil./**Bly** stil!<br>• Die oplossing **bly** dieselfde.<br>• Ek **bly** by my besluit.<br>• Ek **bly** sit terwyl al die ander mense opstaan.<br>*(Enige sin waar die ander betekenis van **bly** duidelik is.)* | 1 |
| 5.1.9 | • **niks** met ouderdom te doen **nie/nie** iets met ouderdom te doen **nie**<br>• Jennifer sê studies en opleiding het **niks** met ouderdom te doen **nie**.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.1.10 | geleent**hede** *(sp)* | 1 |
| 5.1.11 | dus | 1 |
| 5.1.12 | • Sy wil volgende jaar haar doktorsgraad met lof verwerf.<br>• Sy wil haar doktorsgraad volgende jaar met lof verwerf.<br>• Volgende jaar wil sy haar doktorsgraad met lof verwerf.<br>*(Enige EEN)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.13 | inspir**asie** *(sp)* | 1 |
| 5.1.14 | Waar 'n wil is, is 'n weg! | 1 |

**VRAAG 5.2**

**TEKS G: PRENT**
[Verwerk uit iStock]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.2.1 | hoed**jie** *(sp)* | 1 |
| 5.2.2 | toebroodjie/broodjie | 1 |
| 5.2.3 | • Nina beduie met haar hand terwyl sy met haar maats **gesels**.<br>• Terwyl Nina/sy met haar maats **gesels, beduie** sy/Nina met haar hand.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.2.4 | behandel | 1 |
| 5.2.5 | rugsak *(sp)* | 1 |
| 5.2.6 | gebottel**de** *(sp)* | 1 |
| | | **[20]** |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **40** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **80** |

www.mycourses.co.za

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

Kopiereg voorbehou

Source: www.mycourses.co.za